

Ontmoeting 17

Die gelykenis van die Mosterdsaadjie

Ons moet in God glo en nie op onself vertrou nie.

Teks: Matteus 13:31,32; Markus 17:20; Lukas 13:18,19; 17:6

Hulpmiddels:

- ◆ Papier en 'n skryfding vir elke kind
- ◆ Gekleurde papier (bruin, geel en groen), 'n skêr en gom
- ◆ 'n Tandestokkie per kind
- ◆ Blare, boombas en gom
- ◆ 1 kopie van die boekmerkie vir elke kind
- ◆ 1 kopie van die prent van die boom vir elke kind
- ◆ 1 kopie van die prent van die blom vir elke kind
- ◆ Mosterdsaadjies (verkrygbaar by 'n supermark of kwekery)
- ◆ Inkleurkryte



WELKOM

Gee vir elke kind 'n papier en skryfding. Laat hulle op hulle papier onder mekaar nommer van 1–10. Lees die onderstaande lysie stadig voor en laat hulle dadelik neerskryf waaraan hulle dink. Gee net genoeg tyd tussen die vrae om 'n antwoord neer te skryf, maar nie te lank nie.

- Kleinste landdier.
- Kleinste voëltjie.
- Kleinste dier in die water.
- Kleinste troeteldier.
- Kleinste insek.
- Kleinste plant.
- Kleinste woord.
- Kleinste item in die vertrek.
- Kleinste kossoort waarvan hulle weet.
- Maak 'n klein kolletjie van so 2 mm met jou potlood/pen langs die 10.

Gaan saam met hulle hul antwoorde van 1-9 deur en kyk wie gee unieke antwoorde.

Vir 'n junior primêre of 'n baie groot groep, kan net enkele antwoorde uit die groep genoem word.

Sê: “Ek is so beïndruk met al die klein goedjies wat julle opgenoem het. Ek wonder hoekom ons nie so dikwels aan die klein goedjies dink nie. As hier nou 'n perd in die vertrek sou kom, sal ons hom dadelik sien, maar ons sien nie sommer (noem die kleinste ding in die vertrek wat genoem is by nommer 8) raak nie.”



WYDING

Sing die **temalied** wat julle vir die kwartaal gekies het en doen die **stilword-gebed** soos in ontmoeting 15.

Ons sien nie sommer baie klein goedjies raak nie, maar eenkeer het Jesus se dissipels vir Hom 'n baie belangrike vraag gevra en toe het Hy vir hulle die gelykenis van iets vertel wat net 1-2 mm groot is.

Ek wonder wie kan onthou wat 'n gelykenis is. ('n Gelykenis is 'n storie wat Jesus vertel het oor 'n aardse ding, maar dan het Hy altyd later verduidelik dat hierdie stories ons iets van die he-melse koninkryk vertel.)

In Matteus 17:19-20 lees ons van 'n keer wat die dissipels na Jesus toe gegaan en gevra het: "Hoekom kon ons hom (die duiwel) nie uitdryf nie?" Hulle kon nie verstaan dat hulle nie dieselfde wonderwerk as Jesus kon doen nie al het hulle dit op dieselfde manier as Hy gedoen.

"Omdat julle geloof te klein is," sê Hy vir hulle. "Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: 'Gaan staan daar anderkant!' en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie."

In Lukas 17:5-6 lees ons van 'n ander keer wat die dissipels vir Jesus vra: "Gee ons meer geloof."

Maar die Here antwoord: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see en hy sou julle gehoorsaam."

Kyk gou weer na die kolletjie wat jy by nr. 10 ge-maak het – dis omtrent so groot soos 'n mosterdsaadjie. Dis baie klein, nè? In Jesus se tyd was dit die heel kleinste saadjie wat boere en tuiniers geken het. Maar dit beteken nie dat die saadjies so klein bly nie. As hulle eers geplant is, word hulle al groter en sommige saadjies word massiewe groot bome. Onder goeie omstandighede kan die mosterdboom tot 3 meter hoog word. Groot bome gee kos en skuiling vir diere. Daar is party soorte bome wat so groot word dat mense selfs hulle huise binne-in die bome bou!

Kom ons kyk weer na die kolletjie op ons papier en hier is die *cool* gedeelte: Jesus sê dat ons geloof net so groot soos 'n mosterdsaadjie hoef te wees!

Wat beteken die woord "geloof"? (*Dit beteken om iets te glo, al kan ek dit nie sien of verstaan hoe dit werk nie.*)

Ek wonder waarin die dissipels geloof moes gehad het. In God, ja. Is daar iets wat God nie kan doen nie? Nee! So, dit was nie die dissipels wat die wonderwerk gedoen het nie – dis God wat wonderwerke doen. Natuurlik was die wonderwerke wat hulle wou doen te moeilik vir hulle as hulle probeer het om dit met hulle eie krag te doen. Maar vir God is alles mos moontlik, so ons moet glo dat God dit kan doen! Ons het net geloof in God nodig.

Hy weet ons geloof moet ook groei net soos die saadjie moet groei. Maar enige plantjie moet êrens begin – by die saadjie. So wanneer iemand in Jesus glo en glo dat Jesus ons Verlosser is (vir ons sondes gesterf het), is dit soos wanneer die saadjie van geloof geplant word. En wat nóg wonderliker is, is dat hierdie saadjie wanneer hy 'n groot plant word, weer mosterdsaadjies maak wat weer geplant kan word en wat weer groot kan word.

Net so werk dit met kinders van die Here. Wanneer ons geloof groei en ons begin vir ander van Jesus se liefde vertel, saai ons van ons "geloofsaadjies" in hulle lewe. Ons maak dit dan moontlik dat die Heilige Gees hulle saadjie kan laat groei. Op hierdie manier groei die getal mense wat in God glo!

Maar nou wonder ek: Wat help ons geloofsaadjies groei? (*Gee die kinders kans om te reageer en verduidelik hoe dit ons help groei.*)

- Bybel lees – wanneer ons in die Bybel van God lees, leer ons Hom beter ken.
- Bid – wanneer ons met God praat en Hom toelaat om met ons te praat in gebed, leer ons om Hom met al die mooi en slegte goed in ons le-wens te vertrou.
- Kerk toe gaan – by die kerk, kategese en ander geestelike byeenkomste leer ons van die Here.
- Praat met ander gelowiges – wanneer ons met ons ouers en ander volwassenes praat en vrae vra waaroor ons onseker is, sal ons ook geestelik groei.
- Gehoorsaam die opdragte wat God ons gee al is dit nie altyd maklik nie, want gehoorsaamheid help ons om geestelik te groei.
- Dankbaarheid – deur geleenthede te soek hoe, waar en wanneer ons vir God kan dankiesê, sal ons sien hoe Hy vir ons sorg en omgee.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe die dissipels gevoel het toe hulle sien dat Jesus wonderwerke kan doen en hulle nie.
2. Ek wonder watter ander goed begin baie klein, maar word later groot goed (baba's, sneeu-stortings, tornado's, skindernuus).
3. Ek wonder hoe dit voel as iemand jou vertrou/nie vertrou nie.
4. Ek wonder waarmee jy God elke dag vertrou.



WERSKAF

✍ Teken of plak met gekleurde papier 'n boom agterop die papier wat jy vir die openingsaktiwiteit gebruik het:

'n Groot, bruin stam van 'n boom in die middel van die papier; blare in die vorm van harte/blare. (Om die blare uit te knip, vou 'n groen papier dubbeld en knip die hartjies so uit.) Skryf op elke hartjie-blaar een van die goed wat ons genoem het wat ons help om te groei. Plak dit soos blare op die stam. Plak nou 'n klein stukkie geel vierkantige papier links van die boom. Maak 'n kolletjie van 2 mm op die geel papiertjie en skryf op die papiertjie: "'n Mosterdsaadjie". Trek met 'n rooi kryt/pen/koki 'n pyltjie van die saadjie af na die boom toe. Skryf op die stam van die boom: "'n Groot mosterdboom". Skryf bo-aan die bladsy: "Die gevolgtenis van die mosterdsaad". Skryf "Matteus 13:31 en 32" onderaan die bladsy. Vir kleiner kinders kan sommige van die skryfwerk, bv. die op- en onderskrifte reeds geskryf en gedupliseer word.

✍ Dieselfde aktiwiteit kan ook met klei uitgebeeld word: Skryf die maniere hoe om te groei in geloof met tandestokkies op die klei.

✍ Dieselfde aktiwiteit kan ook met bas en blare uit die natuur gemaak word. Gebruik 'n regte mosterdsaadjie. Skryf die woorde dan langs die stam en blare.

✍ Maak 'n boekmerkie.

✍ Kopieer een van die blomme vir die kinders. Plak mosterdsaadjies in die middel van die blom. Laat die groep/individu in elke blomblaar skryf waarin of waardeur hul/sy/haar geloof kan groei. Tekstense kan ook op die prentjie aangebring word.

Sluit af met die **seënbede** soos in ontmoeting 16.



Geloof

soos 'n mosterdsaadjie verskuif berge.


Matteus 17:20



Gelykenis van die mosterdsaad



'n Mosterdsaadjie



WORD....

'n Groot mosterdboom

Matteus 13:31 en 32

